THEMBELIHLE

LOCAL MUNICIPALITY
PLAASLIKE MUNISIPALITEIT
U-MASIPALA WASEKUHALENI

# Personeel benodig om uitstaande debiteure-skuld in te vorder.

Daar word aansoeke ingewag vir 2 poste vir die Hopetown/Steynville en 1 pos vir die Strydenburg/Deetlefsville area om behulpsaam te wees met die invordering van debiteure-skuld. Aansoekers **MOET** oor die volgende vereistes beskik:

1. Ten minste Graad Twaalf sertifikaat.
2. Akkuraat met data kan werk.
3. Beide Engels en Afrikaans magtig wees.
4. Voldoende blootstelling aan rekenaarpakette.
5. Oor ‘n geldige RSA identiteitsdokument beskik.
6. Moet oor goeie menseverhoudinge en telefoon-etiket beskik.
7. ‘n Inwoner van Thembelihle wees.

Die suksesvolle kandidate sal 1 dag se opleiding ontvang.

Die vergoeding vir die invordering behels ‘n vaste allesinsluitende salaris van R4 500.00 per maand. Die projek sal vir ‘n aanvanklike periode van vier maande wees en ‘n vaste-termyn kontrak sal met die suksesvolle kandidate gesluit word.

CV’s, tesame met afskrifte van kwalifikasies en identiteitsdokument, moet afgelewer word by die Munisipale kantore in Hopetown en Strydenburg. Merk vir aandag Me Lidia Walters.

Sluitingsdatum vir aansoeke is 14 Maart 2014 om 16h00.

Navrae kan gerig word aan: Me Carmen La Vita by telefoonnommer (053) 2030005/8.

Die uwe

M Mogale

Munisipale Bestuurder